**DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG**

# Die Basuin

**19 September 2021**



Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | 2 Korintiërs 1: 1-11 |
| **Tema** | God bemoedig ons IN ons omstandighede om ander te bemoedig |
| **Sang** | Skrifberyming 15-1: 1, 2, 3<br>12-3: 1, 2<br>Psalm 38:1, 17<br>71: 7, 9<br>128: 1, 4 |

Ons almal kan doen met bietjie bemoediging in die tye waarin ons onsself bevind. Die voortslepende COVID pandemie maak die emosionele letsels al duideliker. Wat is jou gemoeds- en geestestoestand vandag? Moedeloos, wanhopig, gefrustreerd, kort van draad, bekommerd, hartseer – hierdie is woorde wat al meer gebruik word as antwoord op die vraag: "Hoe gaan dit daar by julle?" Nou die woordjie bemoedig kom in hierdie paar verse 11 keer voor. Die Griekse woord vir bemoedig s paraklesis. En dit beteken eenvoudig om by iemand te wees, of langs iemand te staan, of langs iemand te loop. Wanneer die Here Hom oor ons ontferm en ons in elke moeilikheid bemoedig, beteken dit letterlik dat die Here langs jou kom staan! God bemoedig ons nie van 'n afstand af nie. Hy staan saam met jou in jou moeilikheid, Hy loop langs jou in jou moeilikheid, Hy help dra aan jou moeilikheid!

Paulus skryf 'n paar briewe aan die gelowiges in Korinte, hierdie is die sogenaamde tranebrief, wat verskeie vorms van uitdagings, teleurstellings en vervolging moes verduur, en self in die proses die emosionele letsels daarvan begin wys het. Ons lees dat die Here ons en ander bemoedig. God die Vader ontferm Hom oor ons en gee in alle omstandighede vir ons moed.

Hierdie woorde verseker ons dat God ons werklik liefhet, en aangesien God jou liefhet is Hy intiem bewus van elke deel van jou lewe. Hy weet waardeur jy tans worstel, Hy ken jou gedagtes, Hy weet wat jy nodig het – en vanuit Sy onbeskryflike liefde belowe God dat Hy sal sorg! God bemoedig ons deur Sy Gees, die Parakleet of Trooster, met 'n bemoediging wat gegrond is op Sy getrouheid! Hierdie moed, hoop en vrede wat God ons gee is groter as wat ons menslike verstand kan begryp en verklaar – dit is Goddelike moed, en daarom kan ons weet dat alles ten goede sal uitwerk! God belowe dit! En hierdie hoop strek selfs verder as ons aardse omstandighede, en sluit die belofte van 'n lewe na die dood in! God is 'n ewige God, en daarom bemoedig Hy ons met beloftes van Sy trou wat in alle ewigheid met ons sal wees.

Tweedens word ons daaraan herinner dat God ons nie bemoedig ter wille van onsself nie! Kinders van die Here dink nie aan hulself nie, en daarom bemoedig die Here ons, SODAT ONS ANDER KAN BEMOEDIG. In hierdie uitdagende tyd waarin ons nou leef, is die groot gevaar dat sosiale afstand aanleiding sal gee tot isolasie – en elkeen wat die siekte oorleef, getuig daarvan dat die siekte nie die moeilikste is nie, maar om geïsoleerd te wees van jou geliefdes. Ons het mekaar en ander nodig. Juis daarom moet ons ingestel wees op mekaar se welstand en moet ons voortdurend soek na maniere om ander te bemoedig, wat hopeloos voel.

Mag jy in hierdie week vreugde en nuwe hoop vind in die wete dat God met jou is! Mag jy op 'n tasbare wyse ervaar hoe God jou bemoedig, en met Sy liefde en ontferming styf toevou. En mag jy 'n instrument van bemoediging vir ander wees.

# ALMANAK 2022




Lidmate wat die Almanak 2022 wil bestel moet asb hulle name op die lys plaas agter in die portaal.

Die Almanak se koste is R 100.00 per eksimplaar.

Bestellings sal teen 18 Oktober 2021 geplaas word, en behoort dan teen middel November 2021 beskikbaar te wees.

# OOG VIR MEKAAR



* Neem asb kennis dat die kerkkantoor gesluit sal wees op Vrydag 24 Septyember 2021 agv die openbare vakansie dag.
* Ons bid vir Hennie Oelofse wat steeds baie pyn ervaar. Ons dink aan Julie wat hom ondersteun en sy swaarkry beleef.
* Ons bid vir Gerhard Maritz wat DV Donderdag die bestraling voltooi. Ons is dankbaar saam met julle.
* Ons bid vir Zoë Erasmus wat min krag het na die chemo en bestraling.
* Ons bid vir Koemie vd Walt wie se suster intensiewe chemo moet ontvang vir ‘n tumor in haar been. Mag ons Vader julle familie in die geloof versterk en deur die behandeling dra.
* Ons bid vir almal in die gemeente wat emosioneel swaarkry. Daar is baie wat trauma beleef op verskillende maniere en gebiede. Sterkte vir ons ouers en kinders.
* Ons dank die Here dat ons meer in die erediens mag wees. Beskerm mekaar deur die protokol na te kom. Die wetgewing oor die sosiale afstand en kuier na die tyd bly dieselfde as voorheen. Hou mekaar asseblief veilig.

# GEDAGTE VIR DIE WEEK



*"Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar."*


*Johannes 14: 21*

## BYBEL AANKOPE 2020 VERTALING

Grootdruk Bybels 2020 vertaling sal vanaf middel September 2021 beskikbaar wees.
Die koste per Bybel is as volg:
Afrikaanse 2020 volledige Bybel **GROOTDRUK, swart hardeband @ R 350.00**
**(X)** Afrikaanse 2020 volledige Bybel **GROOTDRUK, luukse leeromslag, duimindeks @ R 500.00**

Lidmate wat die grootdruk Bybel wil bestel kan hulle name nou by die kerkkantoor kom opgee.

**(X Slegs beskikbaar tot einde September 2021 teen genoemde prys)**



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 19 Sept | ***Rina Buys ***** | ***86*** | B | 083 249 6911 |
| Ma 20 Sept | Zani Prinsloo | 54 | B | 083 255 9390 |
| Di 21 Sept | Carina Venter | 54 | B | 074 956 0610 |
| Wo 22 Sept | Pieter Jongbloed | 4 | D | 082 575 9143 |
| Do 23 Sept | Philip Snyman<br>Leila Hoogendyk | 61<br>11 | B<br>D | 083 463 1134<br>084 802 3323 |
| Vr 24 Sept | Megan vd Merwe<br>Rianca Korff<br>Louis Pienaar | 31<br>25<br>23 | B<br>B<br>D | 083 948 7189<br>071 881 4338<br>082 419 8882 |
| Sa 25 Sept | Madeleen Nel | 47 | B | 083 739 6152 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 19 Sept 2020 | Piet & Theunet Kruger | 1 | 065 989 5301<br>073 949 8999 |
| 25 Sept 1999 | Vleis & Nanette Potgieter | 22 | 084 505 3830<br>083 744 5799 |

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 21 Sept 2021 | 09:30 | Kerk | Bybelstudie |
| 22 Sept 2021 | 18:00 | Kerk | Bybelstudie |
| 23 Sept 2021 | 09:30 | Alta Theron | Bybelstudie |

## DIAKONIE


Graag versoek ons lidmate wat **lemoen en groente sakke** het om die ASB by die kerkkantoor in te gee, ons benodig dit om die groente skenkings in te verpak.


Die diakonie vra asb vir skekings van bees en / of wilds vleis wat verwerk kan word vir fondse vir die diakonie. Kontak Reinhardt Weidemann op 082 610 0623.

**Die diakonie verkoop weer wildsvleis :**

**Maalvleis : R 71.43 / kg**
**Braaiwors : R 85.71 / kg**
**Kookvleis : R 50.00 / kg**
**Pasteie : 1KG pasteie @ R 100.00 elk &**
**600 gram pasteie @ R 60.00 elk.**

Ondersteun asb hierdie projek van die diakonie. Teen hierdie prysse kan niemand die geleentheid laat verby gaan nie. Voorkom teleurstelling en skakel Reinhardt Weidemann op 082 610 0623 om bestellings te plaas.


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R 200 000.00
R 180 000.00
R 160 000.00
R 140 000.00
R 120 000.00
R 100 000.00
R 80 000.00
R 60 000.00
R 40 000.00
R 20 000.00
R -
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 120 826.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
JUL
R 124 876.00
R 106 109.61


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
INKOMSTE
UITGAWES
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
FEB
R 36 533.50
R 50 317.40
MRT
R 41 630.70
R 22 141.76
APR
R 23 858.80
R 35 979.75
MEI
R 36 064.00
R 27 227.60
JUN
R 12 430.00
R 32 103.94
JUL
R 17 220.00
R 16 514.38

**Preke, dagstukkies en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Dit is Hy wat ons uit so 'n groot doodsgevaar gered het en ons weer sal red. Op Hom is ons hoop gevestig: Hy sal ons ook verder red.*

*2 Korintiërs 1: 10*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS